JAKARANDA e-KAMP

VAKANSIE UITDAGINGS

Kursus / Aktiwiteit: e-Erfgrond

Voltooi die aktiwiteite / oefeninge / of soek die inligting. Hulp kan verkry word. Versprei dit oor die tydperk en doen eerder meer as die minimum. Indien daar iets is wat nie moontlik is in jou omstandighede nie, doen iets anders waartoe jy wel toegang het. Jy kan foto's neem terwyl jy besig is met die aktiwiteite en aanstuur vir ons, Jakarandakamp@gmail.com , om op FB te laai. Bo alles – GENIET DIT!

DAG 1 Doen 'n studie van die omgewing waarin jy bly. Die volgende moet bestudeer word: Grondsoorte Plantegroei Klimaat Boerdery Menslike bedrywighede, soos mynbou, nywerhede	DAG 2 Vandag doen jy 'n studie van 'n ander area in Suid-Afrika onder dieselfde opskrifte: Grondsoorte Plantegroei Klimaat Boerdery Menslike bedrywighede Enige ander interessante feit.	DAG 3 Vandag se onderwerp is bewaringsorganisasies. Jy moet soveel as moontlik inligting insamel oor 'n bewaringsorganisasie in Suid-Afrika. Die organisasie moet deelneem aan bewaring van diere, plante of grond in Suid-Afrika.	DAG 4 Vandag moet jy inligting versamel oor enige 3 bergreekse in Suid-Afrika.	DAG 5 Vandag moet jy inligting versamel oor enige 3 riviere in Suid-Afrika.
DAG 6 Vandag moet jy inligting versamel oor enige 3 Nasionale Parke in Suid-Afrika	DAG 7 Vandag moet jy inligting versamel oor enige 3 Botaniese Tuine in Suid-Afrika	DAG 8 Vandag moet jy inligting versamel oor enige 3 erfenisterreine in Suid-Afrika	DAG 9 Die laaste 5 dae het jy baie geleer oor Suid-Afrika se natuurlewe. Vandag se opdrag is om nou daardie 3 berge, 3 riviere, 3 Nasionale Parke, 3 Botaniese tuine en 3 erfennisterreine op 'n kaart te gaan aandui. Wees kreatief met die sleutels wat jy gebruik en dui die sleutels langs jou kaart aan.	DAG 10 Die volgende 5 dae fokus op die lewende spesies in ons natuur. Vandag begin ons by soogdiere. Vind uit wat is Suid-Afrika se nasionale dier asook enige unieke feite rondom hierdie dier. Die tweede deel van die opdrag is om jou gunsteling Suid-Afrikaanse soogdier op te soek en vir ons 'n paar interessante feite te vertel.
DAG 11 Vandag moet jy uitvind wat is ons nasionale voël, asook enige interessante feite oor hierdie voël, verder moet jy met ons jou gunsteling Suid-Afrikaanse voël deel asook enige interessante feite oor daardie voël.	DAG 12 Vandag moet jy uitvind wat is ons nasionale vis, asook enige interessante feite oor hierdie vis. Verder moet jy met ons jou gunsteling Suid-Afrikaanse vis deel asook enige interessante feite oor daardie vis.	DAG 13 Vandag moet jy uitvind wat is ons nasionale blom asook enige interessante feite oor hierdie blom. Verder moet jy met ons jou gunsteling Suid-Afrikaanse blom deel asook enige interessante feite oor daardie blom.	DAG 14 Vandag moet jy uitvind wat is ons nasionale boom asook enige interessante feite oor hierdie boom. Verder moet jy met ons jou gunsteling Suid-Afrikaanse boom deel asook enige interessante feite oor daardie boom.	DAG 15 Kies een Suid-Afrikaanse reptiel en versamel enige interessante feite oor hierdie reptiel.
DAG 16 Vandag fokus ons 'n bietjie op menslike bedrywighede. Kies een instansie wat grondstowwe verwerk en doen navorsing oor hierdie instansie, asook hoe hulle die omgewing bewaar ten spyte van hulle aktiwiteite.	DAG 17 As jy op enige plek in Suid-Afrika kon deelneem aan 'n bewaringsprojek, waar sou dit wees en vertel vir ons 'n bietjie meer van hierdie projek.	DAG 18 Die Stem van Suid-Afrika is een van die liedere wat ons land die mooiste beskryf. Kies een vers uit Die Stem en beeld daardie vers in 'n video of collage uit.	DAG 19 Vandag waardeer ons 'n bietjie die mooi en stilte van ons tuine. Vertel vir ons watter goggatjies of voëltjies het jy in jou tuin gesien. Deel met ons die mooi plante/bome in jou tuin.	DAG 20 Die afgelope paar weke was jy besig om baie nuwe inligting oor ons land en sy natuur te leer. Vertel vir ons wat het jy geniet, wat was bietjie vervelig en wat het jy geleer. Sou jy voorstel dat ander graad 7's hierdie kenteken aanpak?

Onthou om alles wat jy doen kreatief met prente en video's of enige ander wyse wat jy verkies te doen, sodat hierdie vir jou lekker is!

Veels geluk!! Jy het die e-Erfgrond (gr 7) - aktiwiteit van Jakaranda Voortrekkerkamp 2020 se e-kamp suksesvol voltooi!
Ons hoop jy het pret gehad en ook iets geleer.